

8 Desember 2022

Aan: Alle Dekane/Departementele Voorsitters/Hoofde en Direkteure

Jaarlikse Opname van 2022-Navorsingspublikasie-uitsette

1. Die jaarlikse opname van die navorsingspublikasie-uitsette vir die 2022 uitsetjaar vind weereens plaas via die sg “Research Administration” (RA) navorsingsinligtingstelsel*. Hierdie stelsel is reeds vroeër vanjaar oopgestel vir vaslegging van die 2022-navorsingspublikasie-uitsette en alle RA-gebruikers is hiervan in kennis gestel.
2. Daar word ’n vriendelike beroep op departementele voorsitters gedoen om hulself te vergewis van die reëls en riglyne van navorsingsuitsette wat vir subsidie voorgelê word. (Sien Addendum B, vir verdere inligting.)
3. In samehang met bogenoemde paragraaf, word daar volgens nuwe voorskrifte van die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding van departementele voorsitters verwag om ’n kontrolelys te onderteken sover dit navorsingsuitsette betref wat vir subsidie voorgelê word (sien Addendum A vir meer besonderhede in dié verband.) Die onus rus dus op voorsitters om te verseker dat alle navorsingsuitsette wat vir subsidie voorgelê word, aan hierdie vereistes voldoen. Daar is voorts geen waarborg dat onvolledige inligting opgevolg sal word nie en gevolglik kan dit tot ’n verlies aan subsidie vir beide u departement en die US lei.

*(Die RA is ’n webgebaseerde databasisstelsel waartoe ’n kontakpersoon in elke departement/afdeling/sentrum/buro tans toegang het - Hierdie persoon is vervolgens verantwoordelik wees vir die vaslegging van hul betrokke departement/afdeling/sentrum/buro se navorsingsuitsette.



4. Let asseblief op dat die huidige beleid van DHOO van toepassing is op 2016-publikasies en daarna. Die belangrikste veranderinge is kortliks die volgende:
 - Die addisionele indekse vir geakkrediteerde joernale is Scopus, Scielo SA, Noorweegse lys en die DOAJ (“Directory for Open Access Journals”) - is slegs geakkrediteer vanaf die 2022 en daarna.
 - Die maksimum eenhede vir boeke is 10 subsidie eenhede. ‘n Hoofstuk in ‘n boek verdien 1 subsidie-eenheid. Indien ‘n geredigeerde boek meer as 10 hoofstukke het, varieer die subsidie in ooreenstemming met die aantal hoofstukke in die boek.
 - Die **addisionele ondersteunende materiaal** wat vir boekpublikasies ingedien moet word nl die **skriftelike motivering** moet deur die outeur (vir boeke) en die redakteur (vir hoofstuk in boeke) **ingedien** word.
 - ‘n Vroeë kennisgewing is uitgestuur om die navorsers in kennis te stel dat die DHOO alle instellings vereis om, waar moontlik, **elektroniese kopieë van die navorsingspublikasie-uitsette met hul ondersteunende dokumente** in te dien. Die elektroniese, RA stelsel is opgedateer sodat die elektroniese kopieë opgelaaai kan word.
Die DHOO maak slegs vir *monograwe wat nie elektronies gedruk is nie*, ‘n uitsondering en sulke boeke kan in harde kopie ingedien word.
5. Alle inligting wat gerapporteer word, moet deeglik geproeflees word - inligting wat nie in die korrekte formaat gerapporteer word nie, sal nie noodwendig in die Navorsingsverslag weerspieël word nie.
6. Die sluitingsdatum vir die inhandiging van die 2022-navorsingspublikasie-uitsette is op **Maandag 9 Januarie 2023** vir die Fakulteit Geneeskunde & Gesondheidswetenskappe **Maandag 23 Januarie 2022** vir alle fakulteite **uitgesluit die Fakulteit Geneeskunde & Gesondheidswetenskappe**.

<u>Kontakbesonderhede:</u>	
Navorsingsuitsette en DHOO beleid in die algemeen	Daléne Pieterse RW Wilcocks Gebou, Kamer 2048 Tel: 021 808 3557 e-pos: mver@sun.ac.za
Gebruik van Research Administration (RA) stelsel	Felicia McDonald RW Wilcocks Gebou, Kamer 2048 Tel: 021 808 2581 e-pos: fmcdonald@sun.ac.za
Gebruik van Research Administration (RA) stelsel	Whitney Prins RW Wilcocks Gebou, Kamer 2048 Tel: 021 808 9971 e-pos: whitney@sun.ac.za

Monograwe en/of vorms wat nie elektronies op die RA-stelsel gelaai kan word nie, moet in harde kopie ingehandig word by Daléne Pieterse of Felicia Mc Donald, Afdeling Navorsingsontwikkeling, Krotoa Gebou, Kamer 2048, Stellenbosch.

Met vriendelike groete

Dr Therina Theron

Senior Direkteur: Navorsing & Innovasie

Tik in u entiteit se naam

LYS VAN VORMS WAT INGEDIEN MOET WORD:

Onderstaande vorms moet voltooi, onderteken en by die Navorsingskantoor ingehandig word óf per e-pos aan Felicia Mc Donald by fmcdonald@sun.ac.za, gestuur word by **Maandag 9 Januarie 2023** vir die Fakulteit Geneeskunde & Gesondheidswetenskappe by **Maandag 23 Januarie 2022** vir alle fakulteite uitgesluit die Fakulteit Geneeskunde & Gesondheidswetenskappe.

Dui asseblief hieronder aan op watter wyse die vorms aangestuur is.

Verslag	Per e-pos aangestuur	Harde kopie na navorsingskantoor
Jaarlikse Navorsingsverslag		
Subsidie Verslag	☐	☐
Kontrole Lys / Addendum A		

DOKUMENT LYS:

Die doel van die Kontrole Lys is om te verseker dat alle ondersteunende materiaal vir die navorsingspublikasie uitsette wat vir subsidie aan die DHOO ingevoer is, op die elektroniese stelsel, opgelaa is.

- Voltooi slegs die relevante kategorieë op die kontrole lys.
- Kontroleer en merk die toepaslike blokkie as die ondersteunende materiaal vir elk van die navorsingspublikasie uitsette, soos wat dit op die subsidieverslag voorkom, vir die spesifieke kategorie, op die elektroniese stelsel opgelaa is.
- Dui by die "Opmerkingsblokkie" aan as die ondersteunende materiaal vir een van die navorsingspublikasie uitsette, nie met indiening opgelaa is nie.

LET ASB OP: DIE INLIGTING WAT HIERONDER VERSOEK WORD, IS VERPLIGTEND. ALLE STAWENDE DOKUMENTASIE SOOS HIERONDER UITEENGESIT, VIR 'N SPESIFIEKE KATEGORIE MOET INGEDIEN WORD OM SODOENDE AAN AL DIE VEREISTES VAN DIE DHOO TE VOLDOEN, WANNEER 'N PUBLIKASIE VIR SUBSIDIE VOORGELÊ WORD bv indien 'n kongresbydrae vir subsidie voorgelê word, moet al die relevante inligting soos hieronder versoek, ingedien word anders sal die publikasie nie oorweeg word vir subsidiedoeleindes nie.

Artikels in Geakkrediteerde Vaktydskrifte

			Opmerkings
☐	1.	Ek het 'n elektroniese kopie van die finale weergawe van die volledige artikel opgelaaai.	
☐	2.	Die Naam van die tydskrif , titel van die artikel, volume nommer , publikasiejaar , bladsynommers of artikel ID nommer , name van outeurs met hul affiliasie is op die bladsye ingedien.	
☐	3.	Publikasiejaar is 2022 (indien 2021, sien punt 4 hieronder). Geen vroeë (online/ ahead of print) publikasies kan aanvaar word nie.	
☐	4.	Indien die publikasiejaar 2021 is, maak seker dat daar nie alreeds vir die publikasie ge-eis is nie. Indien nie, handig 'n amptelike ondertekende verklaring wat die rede vir die laat voorlegging aandui . Die enigste aanvaarbare rede vir laat voorleggings is wanneer die publikasie laat verskyn het.	
☐	5.	In gevalle waar die US affiliasie van die outeur op die artikel ontbreek , is 'n amptelike brief van die voorsitter van die departement/studieleier in gevalle van nagraadse studente of van Menslike Hulpbronne vir personeel , of relevante aanstellingsbrief vir navorsingsgenote ingesluit wat die outeur se US affiliasie tydens die skryf van die artikel, bevestig en op die elektroniese stelsel opgelaaai.	
☐	6.	Die publikasie is 'n volwaardige, vollengte, oorspronklike navorsingsartikel en dit is nie alreeds elders gepubliseer nie . 'n hoofartikel ("editorial"), 'n gewone abstrak ("abstracts"), briewe aan die redakteur, blote rapportering van 'n gevallestudie ("case report"), resensies van boeke, vakkundige nuus en mededelings, huldeblyke en verslae oor konferensies of simposia wat gepubliseer is in geakkrediteerde joernale, kwalifiseer nie vir subsidie nie.	

Boeke en Hoofstukke in Boeke

			Opmerkings
	1.	Ek het die volledige elektroniese boek van die finale druk ingehandig.	
☐	1.1	Vir boeke , het ek die volledige boek as 'n elektroniese kopie op die elektroniese stelsel opgelaa. Vir die boeke wat slegs in harde kopie gepubliseer is, het ek die harde kopie van dié boeke na die navorsingskantoor gestuur.	
☐	1.2	Vir geredigeerde boeke het ek 'n elektroniese kopie van die volledige boek, vir dié geredigeerde boeke wie se kopiereg dit toelaat óf die dele soos hieronder aangedui, op die elektroniese stelsel opgelaa. Voorblad; Afdrukbladsy wat die kopiereg datum, ISBN, uitgewer en die redakteurs wys; Volledige inhoudsopgawe; Voorwoord/Erkenning/ Inleiding, Outeurslys, Eisende hoofstuk(ke) en die agterblad van die boek.	
☐	2.	Publikasiedatum is 2022 en dit is in die boek aangedui. Indien die publikasiejaar 2021 is, <i>maak seker dat daar nie alreeds vir die publikasie ge-eis is nie</i> . Indien nie, laai op die elektroniese stelsel 'n ondertekende verklaring wat die rede vir die laat voorlegging aandui. Die enigste aanvaarbare rede vir laat voorleggings is wanneer die publikasie laat verskyn het.	
☐	3	'n Brief vanaf die uitgewer met die gedetailleerde besonderhede van die eweknie-evalueringsproses VOOR publikasie is op die elektroniese stelsel opgelaa en die volgende aspekte is duidelik aangedui: 3.1 Die eweknie-evaluering het op die volledige manuskrip plaasgevind en nie net op die voorstel nie. 3.2 Die bewys van eweknie-evaluering bevat die gedetailleerde besonderhede van die proses en is nie bloot 'n verklaring dat eweknie-evaluering voor publikasie plaasgevind het nie.	

		3.3 Indien 'n redakteur ook 'n hoofstuk in 'n boek het moet die uitgewer duidelik aandui of die eweknie-evaluering van dié hoofstuk(ke) onafhanklik plaasgevind het en dat die redakteurs nie betrokke was by die eweknie-evalueringsproses nie. 3.4 Die keurders moet onafhanklik van die eisende instituut wees. Die redakteurs van die boek mag nie optree as keurders nie. 3.5. Template mag nie gebruik word nie (In die verlede het ons verklarings vanaf verskillende uitgewers wat presies dieselfde bewoording omtrent die eweknie-evalueringsproses, gegee het.)	
□	4	'n Geskrewe Verklaring/Motivering (maksimum 500 woorde) deur die outeur (boek) of algemene redakteur (hoofstuk in boeke) is op die elektroniese stelsel opgelaa. Die verklaring adresseer die volgende: 4.1 Die unieke bydrae wat die publikasie tot die bestaande kennis maak. Dit moet duidelik aangedui word dat die boek of hoofstuk in boek waarvoor subsidie ge-eis word, oorspronklike navorsing is wat nuwe ontwikkelinge binne die spesifieke vakdisipline meebring. 4.2 As deel van die navorsingsbewys moet 'n ondubbelsinnige verklaring ingedien word dat geen deel van die werk gekopieer is of voorheen gepubliseer is nie. 4.3 Die teikenmark moet aangedui word. As die inligting alreeds in die publikasie aangedui is, merk dit duidelik in die publikasie of gee die verwysing in die navorsingsbewys	
□	5	Die naam van die outeur met sy US affiliasie verskyn in die boek. In gevalle waar die US affiliasie van die outeur in die boek ontbreek, is 'n amptelike brief van die studieleier in gevalle van nagraadse studente of van Menslike Hulpbronne vir personeel, of die relevante aanstellingsbrief vir navorsingsgenote ingesluit wat die outeur se US affiliasie tydens die skryf van die artikel, op die elektroniese stelsel opgelaa.	

☐	6	'n Minimum van 1 bladsy Engelse opsomming van die boek/ hoofstuk in die boek, is op die elektroniese stelsel opgelaaï indien die boek nie in Engels geskryf is nie.	
☐	7	Die lengte van die boek is 'n minimum van 60 bladsye (verwysings, bibliografieë en addendums is uitgesluit)	
☐	8	Die publikasie is die resultaat van <i>oorspronklike navorsing</i> en daar is nie reeds elders in ander formaat subsidie hiervoor geëis nie.	
☐	9	Boeke met meer as een uitgawe, waarvoor vir die voorafgaande uitgawe alreeds subsidie ontvang het, moet vergesel wees van die vorige uitgawe(s) waarvoor subsidie toegeken is asook 'n skriftelike motivering waarin duidelik aangetoon word tot watter mate hierdie nuwe werk is. <i>Sluit die motivering by die geskrewe motivering in.</i>	

Verrigtinge Internasionaal en - Nasionaal

			Opmerkings
☐	1.	Ek het die volledige verrigting en of die relevante dele, soos hieronder aangedui, op die elektroniese stelsel gelaai. 1.1. voorblad (wat die konferensietitel wys), 1.2. indeksbladsy wat die redakteur(s), ISBN en publikasiejaar wys, 1.3. volledige inhoudsopgawe 1.4. Inleiding/ Voorwoord of verwelkoming 1.5. Redaksionele komitee en of organiseringskomitee-lede met elk se affiliasie 1.6. volledige elektroniese kopie van die US bydrae(s) 1.7. Outeurslys, indien van toepassing	
☐	2.	Publikasiedatum is 2022 Indien die publikasiejaar 2021 is, maak seker dat daar nie voorheen vir die publikasie ge-eis is nie. Indien nie, laai op die elektroniese stelsel 'n ondertekende verklaring wat die rede vir die laat voorlegging aandui.	
☐	3	'n Brief vanaf die kongresorganiseerder of redakteur wat die volledige eweknie-evalueringsproses in soveel moontlik detail voor publikasie verduidelik is op die elektroniese stelsel gelaai. Die volgende apekte is duidelik en ondubbelsinnig uiteengesit: 3.1 die referaat is deur proses van eweknie-evaluering voor publikasie deur onafhanklike keurders gedoen en die proses was beslissend vir die insluiting in die verrigting. 3.2 Die vollengte referaat was voor publikasie ge-evalueer deur die keurders en nie net die abstrak van die referaat nie. 3.3 Die kriteria wat gebruik was vir die eweknie-evaluering, die aantal keurders, die aantal referate voorgelê vir eweknie-evaluering asook die aantal referate wat goedgekeur en afgekeur is, moet aangedui word. 3.4 Terugvoer van eweknie-evalueerders en/of evalueringsverslae word ook ingedien 3.5 Template mag nie gebruik word nie	

Alle ondersteunende materiaal moet in Engels wees.

		(In die verlede het ons verklarings vanaf verskillende uitgewers wat presies dieselfde bewoording omtrent die eweknie-evalueringsproses, gegee het.)	
☐	4	Affiliatie van outeurs word aangetoon in publikasie. In gevalle waar die US affiliasie van die outeur in die publikasie ontbreek, is 'n amptelike brief van die studieleier in gevalle van nagraadse studente of van Menslike Hulpbronne vir personeel, of die relevante aanstellingsbrief vir navorsingsgenote ingesluit wat die outeur se US affiliasie tydens die skryf van die artikel bevestig, op die elektroniese stelsel opgelaa het.	
☐	5	'n Abstrak in Engels van die referaat word voorsien as die kongresbundel nie in Engels gepubliseer is nie.	
☐	6	Die teikenmark is akademiese eweknieë.	
☐	7	Die kongresorganiseerder of die redakteur van die kongresverrigting verklaar in 'n brief dat 60% en meer van die outeurs van multi-institusionele afkoms is indien die inligting nie in die bundel gedruk is nie. (Hierdie is slegs van toepassing op plaaslike kongresverrigtinge.)	
☐	8	Die publikasie is die resultaat van oorspronklike navorsing en daar is nie reeds elders in ander formaat subsidie hiervoor geëis nie.	

Die ondergetekende verklaar in soverre hulle kennis neem dat:	
☐	Alle outeurs vir wie subsidie ge-eis word onder u departement se naam, is óf permanente óf tydelike óf afgetrede personeel, óf voor- of nagraadse studente, óf postdoks, óf buitengewone aanstellings, óf navorsingsgenote by die Universiteit Stellenbosch.
☐	Alle publikasies wat voorgelê word vir subsidie, hou streng by alle etiese beginsels

Merk asseblief die blokkies indien daar aan hierdie verklarings voldoen is.

**DEPARTEMENTELE VOORSITTER /
DIREKTEUR**

Naam en Van

Handtekening

Datum: _____

**RA GEBRUIKER (Verantwoordelike
Persoon in Departement)**

Naam en Van

Handtekening

Datum: _____

Addendum B:

Riglyne vir Opgawe van 2022 Navorsingspublikasie-uitsette

Algemeen

Die inligting wat jaarliks gerapporteer word tydens die opname van navorsingspublikasie-uitsette word eerstens gedoen ter indiening van subsidie by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding (DHOO) en tweedens vir die doeleindes van die jaarlikse Navorsingsverslag van die Universiteit Stellenbosch.

Abstrakte in geakkrediteerde joernale, bydraes in populêre tydskrifte, blogs, kongresabstrakte, plakkate en redaksionele boeke word nie in die navorsingsverslag ingesluit nie en moet gevolglik nie gerapporteer word op die Research Administrative (RA) stelsel nie.

Die twee kategorieë is as volg (die term soos dit voorkom in die RA stelsel word telkens tussen hakies voorsien):

Kategorieë van navorsingsuitsette wat vir subsidie kwalifiseer	Kategorieë van navorsingsuitsette wat nie vir subsidie kwalifiseer nie (maw nie subsidie-draende navorsingsuitsette)
*Vaktydskrifartikels in geakkrediteerde joernale (<i>Journal articles (Subsidised)</i>)	Vaktydskrifartikels in nie-geakkrediteerde joernale (<i>Journal articles (non-subsidised)</i>)
*Gepubliseerde verrigtinge: internasionale vakkongresse (<i>Proceedings International</i>)	Gepubliseerde verrigtinge: internasionale vakkongresse (<i>Proceedings International</i>) wat nie voldoen aan DHOO kriteria
*Gepubliseerde verrigtinge: nasionale vakkongresse (<i>Proceedings National</i>)	Gepubliseerde verrigtinge: nasionale vakkongresse (<i>Proceedings National</i>) wat nie voldoen aan DHOO kriteria
*Boeke (<i>Books</i>)	Boeke (<i>Books</i>) wat nie voldoen aan DHOO kriteria
*Hoofstukke in boeke (<i>Chapters in books</i>)	Hoofstukke in boeke (<i>Chapters in books</i>) wat nie voldoen aan DHOO kriteria
Kreatiewe Werke (<i>Creative Works</i>) Navorsers het nou die geleentheid om hulle kreatiewe uitsette in te dien by die DHOO vir formele erkenning en subsidie-doeleindes. Die indiening geskied apart van die navorsingspublikasie uitsette opname. Klik hier vir meer inligting.	Verslae (<i>Research Reports</i>)
	Doktorale proefskrifte afgehandel (<i>Doctoral Completed</i>)
	Magister tesisse afgehandel (<i>Masters Completed</i>)

RA GEBRUIKERS MOET ASSEBLIEF OP DIE VOLGENDE LET:

*Indien 'n publikasie in die kategorieë kongresverrigtinge en boeke/hoofstukke in boeke vir subsidie voorgelê word, moet dit op die RA stelsel so aangetoon word en dit word gedoen deur die veld **“Subsidy requested”** af te merk. Indien hierdie veld *nie afgemerkt is nie*, word aanvaar dat die publikasie slegs vir die doeleindes van die Navorsingsverslag gerapporteer word en daar dus nie aansoek vir subsidie gedoen word nie.

Let asseblief dat, indien 'n publikasie vir subsidie voorgelê word (maw “Subsidy requested” afgemerkt is) **alle stawende dokumentasie soos hieronder uiteengesit, ingedien moet word**. Geen publikasie kan suksesvol voorgelê word sonder hierdie dokumentasie nie.

Die nuwe beleid van DHOO ten opsigte van die subsidiëring van navorsingspublikasies is van 2016 af en daarna geldig. Kortliks word hiervolgens eerstens addisionele indekse as geakkrediteer erken in geval van navorsingsartikels en tweedens word daar meer eenhede aan boeke en hoofstukke in boeke toegeken as in die geval van die vorige beleid. Daar word egter addisionele dokumentasie vereis in hierdie kategorieë (sien relevante dele vir meer inligting hieronder).

Die DHOO het alle instellings versoek om waar moontlik elektroniese kopieë van die navorsingspublikasie-uitsette met hul ondersteunende dokumente in te dien. Die elektroniese kopieë kan as pdf's vir elk van die dokument tipe op die elektroniese stelsel opgelaai word. “Word” dokumente moet as PDF's gestoor word alvorens dit op die stelsel opgelaai word. As die publikasie van die navorsingsuitset slegs in **harde kopie beskikbaar** is, vir *geredigeerde boeke en kongresverrigtinge*, moet die relevante dele soos vervat in Addendum A /Kontrole lys ingeskandeer word en op die elektroniese stelsel opgelaai word, vir *boeke (monografieë)* wat slegs as harde kopie gedruk is moet die publikasie en ondersteunende dokumente as sodanig by die navorsingskantoor ingedien word.

Jaarlikse voorlegging van Navorsingspublikasie-uitsette aan die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding

Die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding gee slegs subsidie aan navorsers/outeurs wat formeel geaffilieer is aan die betrokke instansie. Geaffileerde outeurs kan omskryf word as akademiese- of navorsingpersoneel, ingeskrewe studente, navorsingsgenote, buitengewone aanstellings en afgetrede akademici. Die affiliasie van die outeur op die publikasie moet ooreenstem met dié van die instansie wat subsidie eis.

In gevalle waar die US affiliasie van die outeur op die publikasie ontbreek moet 'n bevestigingsbrief of aanstellingsbrief van die afdeling *Menslike Hulpbronne* of 'n motivering van die studieleier/promotor (in geval van nagraadse studente) saam met die eis vir subsidie ingedien word.

Neem asseblief kennis dat **onderstaande kriteria** in die subsidiedraende kategorieë slegs van toepassing is op navorsingsuitsette wat vir **subsidie voorgelê** is maw dit is nie van toepassing op uitsette wat slegs vir rapporteringsdoeleindes in die jaarlikse Navorsingsverslag gerapporteer word nie.

Vaktydskrifartikels in geakkrediteerde joernale

Sluit in oorspronklike navorsingsartikels, oorspronklike navorsingsbriewe en oorsigartikels vir die vakspesialis wat eweknie-evaluering voor publikasie ondergaan het, in 'n geakkrediteerde vaktydskrif in.

US outeurs wat deel uit maak van 'n **navorsingsgroep** in geakkrediteerde joernale, en nie van die hoofouteurs nie, kan nie vir subsidie in ag gebring word nie.

Uitgesonder is: hoofartikel ("editorial"), gewone abstrakte ("abstracts"), gevallestudies, gidse ("guidelines"), briewe aan die redakteur, resensies van boeke, vakkundige nuus en mededelings, huldeblyke en verslae oor konferensies en simposia. Hierdie uitsonderings geld al is dit in 'n geakkrediteerde vaktydskrif gepubliseer.

Die **lys van geakkrediteerde joernale kan in Excel formaat** gevind word op ons webblad onder "Geakkrediteerde Joernale" by

<http://www.sun.ac.za/english/research-innovation/Research-Development/outputs-accredited-journals/accredited-journals>

Direkte skakels na sommige van die geakkrediteerde indekse kan ook as volg gevind word:

- **Clarivate Analytics/ Core Web of Science/Thomson Reuters ISI** (“Institute for Scientific Information”) indekse
 ‘SCIENCE CITATION INDEX EXPANDED’
 ‘SOCIAL SCIENCES CITATION INDEX’
 ‘ARTS & HUMANITIES CITATION INDEX’

<https://mjl.clarivate.com/home>

Let asb op die volgende wanneer daar na 'n joernaal gesoek word op die Thomson/Reuters webblad: Joernale wat op die sg Master List voorkom, is nie noodwendig geakkrediteer nie; slegs die joernale wat op die 3 indekse van ISI Web of Science voorkom nl Science Citation Indeks, Arts & Humanities Citation Index en Social Sciences Citation Index, word as geakkrediteer erken. Die Emerging Science Citation indeks is nie geakkrediteer nie.

- **IBSS (“International Bibliography of the Social Sciences”)**
<https://www.proquest.com/databases/publicationbrowse?accountid=14049>
- ‘n Plaaslike lys van joernale wat deur die Departement van Hoër Onderwys & Opleiding onderhou word
<http://www.sun.ac.za/english/research-innovation/Research-Development/Documents/Postdocs/PD%20Adverts/DHET%202021revised%20.xlsx>
- **Noorweegse Lys**
https://dbh.nsd.uib.no/publiseringskanaler/KanalTreffliste.action?enkeltSok=&_chec_kbox_bibsys=true&sok.avansert=false&treffliste.tidsskriftTreffside=1&treffliste.forlagTreffside=1&treffliste.vis=true
- **ScieLO SA**
http://www.scielo.org.za/scielo.php?script=sci_alphabetic&lng=en&nrm=iso
- **Scopus**
<https://www.scopus.com/standard/marketing.uri#basic;>
https://www.elsevier.com/_data/assets/excel_doc/0015/91122/extlistSeptember2021.xlsx
- **DOAJ**
<https://doaj.org/>

Watter inligting moet die aansoek vergesel?

Kopieë van die volledige finaal gepubliseerde artikel waarop onderstaande inligting verskyn, moet op die elektroniese stelsel opgelaa word.

- Naam van die vaktydskrif
- Publikasiejaar van die uitgawe
- Volume en uitgawenommer indien van toepassing
- Bladsynommer of artikel ID nommer
- Name van outeurs met hul affiliasie

Uitdrukke van sommige databasisse bv PubMed is nie altyd voldoende nie aangesien dit slegs die abstrak van die artikel verskaf en ook nie die korrekte affiliasies van outeurs aantoon nie (dit gee in meeste gevalle net die affiliasie van die eerste outeur)

- Hierdie opname is slegs vir **2022**-navorsingsuitsette. Vaktydskrifartikels met 'n ouer datum wat vir subsidiedoeleindes voorgelê word, moet vergesel wees van 'n **ondertekende skriftelike motivering** wat die rede vir die laat voorlegging verduidelik.
- Let asseblief op na die volgende bladsy vir voorbeelde van die formaat van die data waarin dit ingedien moet word.
- Vir toekomstige verwysing, let asseblief op dat "Universiteit Stellenbosch" is die korrekte weergawe in plaas van "Universiteit van Stellenbosch" wanneer die affiliasie vermeld word.

Gedrukte Vaktydskrifte: Artikel met opeenvolgende bladsynommers

The screenshot shows the first page of a journal article. Callouts point to the following elements:

- Vaktydskriftitel**: Points to the journal title "Journal of Insect Conservation (2022) 26:477–489".
- Bladsynommer**: Points to the page number "477".
- Volume nommer**: Points to the volume number "26".
- Publikasiejaar**: Points to the year "2022".
- US affiliasie**: Points to the author's affiliation "Conservation Ecology and Entomology Department, Stellenbosch University, Private Bag X1, Matieland, Stellenbosch, South Africa".

The article title is "Small-scale traditional maize farming supports greater arthropod diversity value than conventional maize farming". The authors are Nickson Erick Otieno^{1,2}, Shayne Martin J. ..., and James Stephen Pryke².

Subsidy Units (DHET):	0.0000
Committee Approved?	☐
Journal:	Journal of Insect Conservation /ISI/SCOP
Search String:	Search
Were CAF Facilities used in generating data for this publication?	☐
Were HPC Facilities used in generating data for this publication?	☐
Page From (numerals only):	477
Page To (numerals only):	489
If the page numbers are larger than 32000 or they contain non-numeric characters (such as Roman Numerals)	
Page Range	
Volume:	26
Issue Number:	3
Month/Season:	

Elektroniese Vaktydskrifartikels met Artikel ID nommers

The screenshot shows the top portion of a ScienceDirect article page. Callouts point to the following elements:

- Vatydskrifitel:** The journal title 'Science of the Total Environment'.
- Aantal bladsye:** The page number '1 / 11'.
- Volume:** The volume number '806'.
- Publikasi jaar:** The publication year '2023'.
- Artikel ID nommer:** The article ID '150806'.
- Interne outeurs:** The authors 'Rassim Khelifa', 'Hayat Mahdjoub', and 'Michael J. Samways'.

The article title is 'Combined climatic and anthropogenic stress threaten resilience of important wetland sites in an arid region'. The journal homepage is listed as www.elsevier.com/locate/scitotenv. A graphical abstract shows 'Wetlands' at the center, surrounded by 'Road', 'Agriculture', 'Pollution', 'Urbanization', and 'Climate change'.

Journal: Search String: Search

Were CAF Facilities used in generating data for this publication? ☐

Were HPC Facilities used in generating data for this publication? ☐

Page From (numerals only):

Page To (numerals only):

If the page numbers are larger than 32000 or they contain non-numeric characters (such as Roman Numerals) then use the Page Range text box instead.

Page Range:

Volume:

Issue Number:

Month/Season:

Hoe word aansoek gedoen vir akkreditering van joernale?

Aansoek vir die akkreditering van **plaaslike** joernale moet via die Afdeling Navorsingsontwikkeling aan die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding gedoen word.

Slegs Suid-Afrikaanse joernale wat aan die volgende kriteria voldoen mag aansoek vir akkreditering by DHOO:

- Die doel van die joernaal moet die disseminasie van oorspronklike navorsingsresultate wees en die inhoud moet hoë vlak onderrig, leer en navorsing in die betrokke veld ondersteun
- Artikels moet onderwerp word aan 'n proses van eweknie-evaluering
- 'n Minimum van 75% van bydraes in die joernaal moet van 'n verskeidenheid instellings afkomstig wees
- Die joernaal moet 'n ISSN hê
- Die joernaal moet gepubliseer word teen die frekwensie soos aangetoon bv jaarliks, kwartaalliks ens
- Die joernaal moet 'n redaksionele raad hê waarvan meer as twee derdes afkomstig moet wees van veelvoudige instellings. Die redaksionele raad moet ook kundiges wees op die betrokke gebied
- Die joernaal moet by meer as een instelling versprei word
- Die joernaal moet 'n Engelse abstrak insluit indien dit in 'n ander taal as Engels gepubliseer word

Indien u wil aansoek doen om akkreditering van 'n **plaaslike** tydskrif, dien asseblief die volgende inligting **voor 15 Junie** van elke jaar in:

- Tydskriftitel, insluitende die Engelse vertaling van die titel indien dit nie in Engels gepubliseer word nie
- Die ISSN van die tydskrif
- Die uitgewer besonderhede en die uitgewer se adres en kontak besonderhede
- Frekwensie van die publikasie
- Bewyse dat die tydskrif vir ononderbroke vir 'n minimum periode van drie jaar gepubliseer is asook die nuutste drie opeenvolgende kopieë van die joernaal
- Redaksionele beleid, insluitend die eweknie-evalueringsproses
- Redaksionele raad, die status van die lede van die redaksie met elk se institusionele affiliasie
- In die geval van elektroniese tydskrifte, die tydskrif se internet Uniform Resource Locator (URL)
- Bewys van die joernaal se biblioteekstand en/of aflaaibare kopieë in geval van elektroniese publikasies

Internasionale joernale wat na u mening vir akkreditering voorgelê moet word, moet direk via die redaksie van die betrokke joernaal gedoen word. Meer inligting omtrent die insluitingsproses vir elk van die indekse kan by die skakels gevind word.

ISI <http://science.thomsonreuters.com/info/journalsubmission/>

IBSS <http://media2.proquest.com/documents/IBSS+Editorial+Policies+and+Principles.pdf>

Norwegian List <https://dbh.nsd.uib.no/publiseringskanaler/resources/pdf/2015-03-11-krav-til-forslagdok-nivaa-1.pdf>

Scopus <https://www.elsevier.com/solutions/scopus/content/content-policy-and-selection>; <http://suggestor.step.scopus.com/suggestTitle/step1.cfm>

SciELO SA

http://www.scielo.org.za/avaliacao/avaliacao_en.htm

DOAJ

<https://doaj.org/account/login?redirected=apply>

Gepubliseerde Verrigtinge: Internasionale - / Nasionale Vakkongresse

Gepubliseerde kongresverrigtinge wat op vakspesialiste gerig is en die **vollengte referaat** deur 'n proses van **eweknie-evaluering voor** publikasie gegaan het, kan vir subsidie voorgelê word.

Kongresverrigtinge wat in geakkrediteerde tydskrifte verskyn en die finale publikasie van die navorsingsresultate is, moet in die kategorie "Journal articles (subsidised)" opgegee word. **Let egter op dat daar slegs subsidie geëis kan word vir óf die kongresbydrae óf die gepubliseerde artikel en nie beide nie.**

Indien u wil aansoek doen om subsidie vir die kongresverrigting, dien asseblief die volgende inligting in sagtekopie in:

- Volledige kongresbundel of die relevante dele soos hieronder gelys, in geskandeer.
 - voorblad wat die konferensietitel wys
 - indeksbladsy wat die redakteur(s), ISBN, publikasiejaar wys
 - **die volledige inhoudsopgawe**
 - Inleiding/Voorwoord/Verwelkoming/Lys van die keurders
 - Die redaksionele span of die organiseringskomitee met hul affiliasies
 - **volledige uitdruk(ke) van die US bydrae(s)**
 - Die outeur se US affiliasie moet op die elektroniese dokument verskyn. Sluit die outeurslys soos van toepassing, in.
- Teikenmark van die kongres
- Slegs kongresverrigtinge met 'n ISBN of e- ISBN, kwalifiseer vir subsidie
- Skriftelike kommunikasie van die volledige keuringsproses van bydraes moet ingedien word indien die keuringsproses nie in die bundel gemeld word nie. Die stawende dokumentasie moet van die redaksie of kongresorganiseerder verkry word. Die keuringsproses moet in soveel moontlik besonderhede aangedui word. Daar moet duidelik uitgewys word dat die vollengte referaat gekeur is en nie slegs die abstrak nie. Die kriteria wat gebruik was vir die eweknie-evaluering, die aantal keurders, die aantal referate voorgelê vir eweknie-evaluering asook die aantal referate wat goedgekeur en afgekeur is, moet aangedui word.
- Hierdie opname is slegs vir **2022** navorsingsuitsette. Gepubliseerde verrigtinge met 'n ouer datum wat vir subsidiedoeleindes voorgelê word, moet vergesel wees van 'n ondertekende skriftelike motivering wat die rede vir die laat voorlegging verduidelik.

Voorbeelde van bewys van eweknie-evaluering voor publikasie

Datum 12 January 2022
 Kenmerk 20220112/AYA
 Pag./van 1/1



To Prof. Petrie Meyer
Stellenbosch University

Faculty of Electrical Engineering
 Mathematics and Computer Science
 Microelements (EWI)

Adres
 Mekelweg 4
 2628 CD Delft
 The Netherlands

Kongres besonderhede

To whom it may concern,

This letter outlines the process of peer reviewing of submitted papers considered for conference presentation and publication in the proceedings of the 2020 15th European Microwave Integrated Circuits Conference (EuMIC), which took place on January 10–15, 2021, in Utrecht, Netherlands (online).

As Technical Program Chair of the European Microwave Week 2020, which includes among other conferences the European Microwave Integrated Circuits Conference, I was in charge of organization the paper review process and scientific program preparation.

I hereby confirm that each of the full papers submitted was subjected to rigorous peer review. Each paper was reviewed by at least five independent international experts in the field. Criteria that the reviewers were asked to consider included the degree of novelty, relevance of the paper, interest to the scientific community and clarity of presentation. Only papers found to be of appropriate international standard were accepted to be presented at the conference and published in the proceedings. In total, from 120 papers submitted to EUMIC only 70 papers have been accepted.

Die eweknie-evalueringsproses is gefasiliteer deur die voorsitter van die Tegnieese Program

Die eweknie-evalueerders is onafhanklik en internasionale kundiges

Die keuringskriteria om kwaliteit navorsingsui tset te verseker

Kind regards,



Prof. DSc. A. Yarovoy

keuringsstatistiek dui aan dat die keuringsproses deurslaggewend was vir die goedkeur van 'n referaat

Amptelike brief vanaf die voorsitter

Boeke en Hoofstukke in Boeke

Hierdie kategorie sluit boeke in vir die vakspesialis maw streng gekeurde oorspronklike navorsingsmateriaal van hoë gehalte.

Let op dat die volgende tipes bydraes uitgesluit word:

- Boeke wat op die breë publiek en/ of voorgraadse studente gerig is, kwalifiseer nie vir subsidie nie.
- Redaksionele aktiwiteite kwalifiseer nie vir subsidie nie.
Redakteurs wat hoofstukke in boeke geskryf het kan nie as evalueerders optree nie aangesien die keuringsproses onafhanklik moes wees
- Inleiding- en slot hoofstukke kwalifiseer as 'n reël nie vir subsidie nie. Sou u egter van mening wees dat dit wel oorspronklike navorsing is kan die outeur 'n brief ter motivering indien.
- Proefskrifte, handboeke, studieleidings vir voorgraadse studente, feesgeskifte, intreeredes, verslae oor kontraknavorsing, blote dokumentasie van gevallestudies, vertalings en woordeboeke kwalifiseer nie vir subsidie nie

Indien u wil aansoek doen om subsidie vir die boek/hoofstuk in boek, dien asseblief die volgende inligting in:

1. Volledige elektroniese kopie van die boek is op die elektroniese stelsel gelaa. Vir boeke (monografieë) wat slegs in harde kopie gepubliseer is, stuur die harde kopie en die ondersteunende materiaal vir die boek(e) na die navorsingskantoor. Vir geredigeerde boeke moet 'n elektroniese kopie van die volledige boek of die dele soos hieronder aangedui, op die elektroniese stelsel gelaa word.

Voorblad; indeksbladsy wat die kopiereg datum, ISBN, uitgewer en die redakteurs wys; Volledige inhoudsopgawe; Voorwoord/Erkenning/ Inleiding, Outeurslys, Eisende hoofstuk(ke) en die agterblad van die boek.

2. 'n Skriftelike Motivering ("Justification") is addisionele inligting wat met die DHOO se nuwe beleid aangevra word. Die motivering moet 'n maksimum van 500 woorde wees, wat deur die outeur(s) vir Boeke(Monografieë) of algemene redakteur vir Hoofstuk in Boeke geskryf is.

2.1. Die motivering moet 'n verduideliking van die bydrae wat die boek tot wetenskaplike navorsing bring, insluit en dit moet nie 'n abstrak van die inhoud of die voorwoord van die boek wees nie. Dit moet eerder die metodiek gebruik aandui asook die unieke bydrae wat dit tot die kennis produksie maak. Dit moet duidelik gestel word dat die boek of hoofstuk waarvoor subsidie ge-eis word voortspruit uit nuwe oorspronklike navorsing en nuwe ontwikkelinge binne die spesifieke vakgebied.

2.2. As deel van die motivering moet daar 'n onomwonde verklaring wees dat geen deel van die werk skuldig is aan plagiaat of elders gepubliseer is nie.

2.3. Die teikenmark moet aangedui word

2.3.1. As die inligting alreeds in die publikasie aangedui is, moet slegs daarna verwys word eerder as om dit in die motivering te herhaal.

2.3.2. In gevalle waar in die publikasie aangedui word dat die teikenmark voorgraadse studente en of 'n breë algemene gehoor is, moet 'n motivering gegee word om die wetenskaplike aard van die werk aan te dui.

3. Bewys van die eweknie-evalueringproses van die boek VOOR publikasie. Die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding vereis dat die bewys van keuring vanaf die uitgewers verkry moet word en nie die redakteurs nie, en dat dit soveel as moontlik inligting omtrent die evalueringproses self moet bevat.

Indien die redakteurs verantwoordelik was vir die fasillitering van die eweknie-evalueringproses, moet die uitgewer eers sodanige verklaring gee en slegs dan kan die uitgewers die eweknie-evalueringproses in soveel moontlik besonderhede aandui.

- Onafhanklike eweknie-evaluering deur vakspesialiste is belangrik, vandaar die feit dat evaluering deur die redakteur alleen bevraagteken word;
- Eweknie-evaluering deur die redakteur word verder bevraagteken deur die paneel aangesien dit slegs uitsonderlike gevalle sal wees waartydens die redakteur 'n kenner is op al die gebiede in 'n publikasie;
- Indien moontlik moet inligting ook verskaf word oor bydraes wat afgekeur is, aangesien keuring wat bepalend is of 'n bydrae gepubliseer word al dan nie, 'n belangrike rol speel;
- Gebrek aan voldoende bewys van keuring lei tot onsuksesvolle voorleggings, selfs al is die bydrae van 'n hoogstaande wetenskaplike gehalte. Dit geskied op grond van die basis van regverdigheid en konsekwentheid tydens die beoordeling van bydraes.
- Outeurs verskaf in sommige gevalle die bewoording omtrent die eweknie-evalueringproses aan die uitgewers/kongresorganiseerders en dit word ten sterkste ontmoedig. Daar was in die verlede gevalle waar keuringprosesse woordeliks ooreenstem vir verskillende publikasies deur verskillende uitgewers en dit bring uiteraard die reputasie van die uitgewer en die outeur in gedrang

4. Hierdie opname is slegs vir **2022**-navorsingsuitsette. Boeke en hoofstukke in boeke met 'n **ouer datum (2021)** wat vir subsidiedoeleindes voorgelê word, moet vergesel wees van 'n **ondertekende skriftelike motivering** wat die rede vir die laat voorlegging verduidelik.
5. Boeke (en hoofstukke in boeke) wat nie in Engels gepubliseer is nie, moet by voorlegging vir subsidie vergesel word van 'n *opsomming in Engels* (1 A4 bladsy per boek).
6. Maak seker dat die name van die outeurs met hul affiliasie in die boek aangedui is*.

7. As dit nie die eerste uitgawe van die boek is nie, handig 'n motivering in wat die nuwe navorsing verduidelik en die bladsynommers uitwys en sluit dit by die skriftelike regverdiging in. Die vorige uitgawe(s) van die boek moet ook ingedien word.

Verwys asseblief na die Addendum C vir meer inligting omtrent die vereistes vir die voorlegging van boeke en hoofstukke in boeke vir subsidie doeleindes.

Sien aanhangsel 1-3 aangeheg vir die voorbeelde van die briewe vanaf die uitgewer wat die keuringsproses breedvoerig uiteensit.

Berekening van subsidie-eenhede vir elke kategorie

Kategorie	Subsidie-eenhede deur DHOO en intern deur US toegeken (vir die doeleindes van SOS fondse) <i>Die subsidie eenheid word gelyk-op gedeel deur die aantal outeurs op die publikasie uitset.</i>
Navorsingsartikel	'n Navorsingsartikel in 'n geakkrediteerde joernaal word as 'n enkel eenheid erken (1 eenheid)

